Donderdag 3 Februarie
Skrifgedeelte: Genesis 3:1-24
Fokusgedeelte: Genesis 3:17-19

Werk en sweet

Waarom word ’n mens moeg as jy werk? Dink net hoe lekker sal dit wees om te werk sonder om moeg te word. Werk is nie ’n straf op die sonde nie. Die werkopdrag is voor die sondeval gegee (Gen. 2:15). Adam en Eva sou met vreugde en sonder moeg word hulle koningskap oor God se skepping kon uitoefen.

Hulle het egter self besluit om teen die Here in opstand te kom. Die duiwel het hulle wel daartoe verlei, maar dit neem nie hulle skuld weg nie. Hulle kon “nee” gesê het. As gevolg van hulle opstand teen God, verloor hulle die voorreg om te werk sonder om moeg te word.

Die straf van die Here raak drie sake aan. Die mens sal met moeite sy kos uit die aarde kry. Daarby is die opbrengs beperk as gevolg van dorings en distels waarteen die mens voortdurend moet stry. Derdens sal die moeisame stryd om genoeg kos te produseer, van die wieg tot die graf voortduur. Alles wat die mens doen, sal moeite en inspanning vereis. Hy sal geen resultate behaal sonder om moeg te word nie.

Is jy moeg gewerk? Dink aan die verwoestende mag van die sonde, maar moenie daarby ophou nie. Dink ook aan die genade wat God beloof het. Die vrou se nageslag (Jesus) het die kop van die slang (die duiwel) vermorsel. Daarom kan ons nou weer werk tot eer van die Here alleen. Is jy moeg gewerk? Ja, maar nie moedeloos moeg nie!

Sing: Psalm 128-1:1

Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)